BYBELSTUDIE HEBREËRS 10:32-11:1

A. OPSOMMING.

Ons kom nou by die derde hoofdeel van Hebreërs. Hier word die lidmate van die gemeente opgeroep om vas te byt. Dit is en bly die hoofdoel van Hebreërs. Al die hoofstukke het hierheen opgebou. In die vorige hoofdeel was Jesus ons Hoëpriester – nou is Hy ons Rolmodel, die Begin en Voleinder van die geloof [12:2].

VERS 32-34.

In hierdie verse herinner die skrywer die gemeente aan hulle mooi begindae in die geloof. Hulle is beledig en bespot en moes baie ly, maar ten spyte daarvan was hulle optrede iets besonders. Veral drie optredes tree na vore uit hierdie eerste dae van hulle geloof:

- Al moes hulle ly vir hulle geloof, het hulle *in die stryd staande gebly* [32]. Die woordjie *stryd* verwys hier na die worstelstryd van 'n atleet. Dit kom van die Griekse woord *athlesis* – waarvandaan ons woord atletiek kom.
  Die Griekse woord vir *staande bly* kan ook vertaal word met "volhard" of "vasbyt". Wanneer ons daarom dieper kyk na hierdie gedeelte, vorm die idee van **volharding** die grondslag van die derde hoofdeel van Hebreërs.
  Maar watter soort lyding het hierdie gemeente mee geworstel?
  - Hulle is beledig [33].
    Hulle is destyds swartgesmeer as misdadigers [1Pet.2:12] en is as goddeloos uitgeskel omdat hulle in 'n onsigbare God geglo het. Daarmee saam is hulle beskou as kannibale omdat hulle met nagmaal die liggaam en bloed van Christus geëet en gedrink het.
  - Hulle is vervolg [33].
    Ons weet nie wat die aard van die vervolging was nie. Uit vers 34 kan ons wel aflei dat die gemeente nog nie bloedmartelare opgelewer het nie.
  - Hulle is openlik tot bespotting gemaak [33].
    Dit dui op openbare vernedering want die Griekse woord vir *bespotting* [waar ons woord teater vandaan kom], verwys na spelers op die verhoog wat deur almal bekyk word.
    Tog het hierdie gelowige lidmate deur dit alles *staande gebly.*
- Die tweede optrede was dat diegene in die gemeente wat nie gely het nie, hulle *vereenselwig* het met diegene wat wel gely het [33]. In die Grieks staan daar dat hulle "bloedbroers" geword het van die lydendes.
- Die derde optrede is dat die gelowiges hulle swaarkry met *blymoedigheid* aanvaar het. Hoe het hulle dit reggekry? Vers 34: hulle het gereken op 'n *besitting wat beter en blywend is.*

VERS 35-36.

In hierdie verse word die gemeente uitgedaag om nie die pragtige geloofsvertroue van hulle beginjare prys te gee nie.
Volharding [36] beteken hier om vol te hou in gehoorsaamheid. Dit gaan in hierdie volharding om die *doen van die wil van God.* Dan sal ons die groot beloning ontvang [35-36].

VERS 37-39.

Die twee aanhalings in vers 37-38 is 'n kombinasie van klein gedeeltes uit Jesaja 26:20 en 'n langer deel uit Habakuk 2:3-4. Met die woorde van vers 37 wil Hebreërs beklemtoon dat die wederkoms naby is en definitief gaan plaasvind. Die gelowiges moet nie desperaat raak nie. Hulle moet net vasbyt.

Vers 38 kan ook vertaal word: *Hy wat my wil doen, sal lewe omdat hy op My vertrou.*
Om soos die Hebreërgemeente met groot entoesiasme te begin en lyding dapper te verduur is een saak. Om daarmee vol te hou wanneer die eerste opgewondenheid wegkwyn, vra baie meer. Dit was die uitdaging vir die Hebreërgemeente.

HEBREËRS 11:1-7 ABEL tot NOAG.
Hebreërs 11 word dikwels verkeerd verstaan. Dit word 'n loflied oor die geloofshelde terwyl die werklike doel van hoofstuk 11 juis hulle ware volharding is. Reeds in 6:12 het die skrywer laat hoor: *Julle moet dus nie traag word nie, maar die voorbeeld navolg van dié wat deur die geloof en geduld deel gekry het aan die dinge wat God beloof het.*
Nou verduidelik hy die voorbeeld van hierdie rolmodelle nog verder. Hebreërs 11 kan soos volg ingedeel word:
Vers 1-3: Inleiding
Vers 4-7: Abel tot Noag
Vers 8-19: Abraham
Vers 20-22: Isak tot Josef
Vers 23-31: Moses tot Ragab
Vers 32-38: Gideon tot Makkabeërs
Vers 39-40: Afronding.
Geloof en hoop vorm regdeur twee kernbegrippe. Geloof en glo kom nie minder nie as 25 keer in hoofstuk 11 voor. Hoop verskyn net in vers 1 maar die woorde *uitsien* en *verlang* [10,16,26] gee dieselfde gedagte weer. Daarmee saam word baie keer gepraat van die dinge waarop die geloofshelde se hoop gerig was, soos:

- Die dinge wat ons hoop [1];
- Die dinge wat ons nie sien nie [1];
- Wat nog nie gesien word nie [7];
- Wat mense uit die verte gesien het [13];
- Die belofte/beloofde land [9,11,13,17,33,39];
- Die beloning [6,26];
- Die erfdeel [8];
- Die hemelse stad [10,16];
- Die hemelse vaderland [14,16].

Ons kan ons geloof en hoop nooit van mekaar losmaak nie. Calvyn skryf die volgende hieroor in sy Institusie:

> *Die geloof is die fondament waarop die hoop rus; die hoop voed en ondersteun die geloof.....Deur die geloof voortdurend te vernuwe en te herstel laat die hoop dit elke keer weer sterker opstaan om tot aan die einde te volhard* [Institusie III 22,42].

Wanneer geloof en hoop twee karperde is wat saam moet trek, is volharding die resultaat. Geloof gee aan volharding sy *spierkrag* en hoop die *motivering*.

B. VRAE.

1. LEES vers 32-34.

In hierdie verse moet die gemeente terugdink aan die mooi begindae van hulle geloof. Hulle is beledig en bespot en moes baie ly maar ten spyte daarvan was hulle optrede iets besonders. Hoe het hulle in die lyding opgetree? [daar is drie optredes].

2. LEES vers 33.
   Met watter soort lyding het hierdie gemeente geworstel?

3. LEES vers 35-39 [in besonder vers 36].
   Wat moet 'n gelowige volgens hierdie verse doen om sy geloofsvertroue te behou?

4. Waarom verloor gelowiges die sprankel en oortuiging in hulle geloof?

5. LEES HEBREËRS 11:1.
   In Hebreërs 11 is geloof en hoop twee kernbegrippe. Is daar 'n verhouding tussen geloof en hoop? Indien wel – wat is die verhouding?

C. ANTWOORDE.

1.

a. Hulle het in die stryd staande gebly [32].
Die woordjie *stryd* verwys hier na die worstelstryd van 'n atleet. Daarom kom die Griekse woord vir stryd van die woord *athlesis* – waarvandaan ons woord atletiek kom. Die Griekse woord vir *staande bly* kan ook vertaal word met "volhard" of "vasbyt". Wanneer ons daarom dieper kyk na hierdie gedeelte van Hebreërs, vorm die gedagte van volharding die grondslag.

b. Die gemeente het hulle vereenselwig met diegene wat gely het [33].
In die Grieks staan daar dat hulle "bloedbroers" geword het met die lydendes.

c. Die gemeente het hulle swaarkry met blymoedigheid aanvaar. Hoe het hulle dit reggekry? Vers 34: hulle het gereken op 'n besitting wat beter en blywend is [die Vaderland].

2.

- **Hulle is beledig [33].**
Hulle is destyds swartgesmeer as misdadigers [1Pet.2:12] en is as goddeloos uitgeskel omdat hulle in 'n onsigbare God geglo het. Daarmee saam is hulle beskou as kannibale omdat hulle met nagmaal die liggaam en bloed van Christus geëet en gedrink het.
- **Hulle is vervolg [33].**
Ons weet nie wat die aard van die vervolging was nie. Uit vers 34 kan ons wel aflei dat die gemeente nog nie bloedmartelare opgelewer het nie.
- **Hulle is openlik tot bespotting gemaak [33].**
Dit dui op openbare vernedering want die Griekse woord vir *bespotting* [waar ons woord teater vandaan kom], verwys na spelers op die verhoog wat deur almal bekyk word.
Tog het hierdie gelowige lidmate deur dit alles *staande gebly.*

3. Hulle moet volhard! Volharding beteken hier om vol te hou in gehoorsaamheid. Hulle moet dus volhard in gehoorsaamheid aan die wil van God.
Maar in vers 37-39 kom iets by. Hierdie verse is kort aanhalings uit Jesaja 26:20 en Habakuk 2:3-4. Dit beklemtoon dat die wederkoms naby is en difinitief gaan plaasvind. Hierop moet ons gedagtes en aandag gevestig wees. Op die wyse sal ons nie in geloofsvertroue veragter nie.

4. Eie antwoord.

5. In Hebreërs 11 is geloof en hoop twee kernbegrippe. Ons kan die twee nooit van mekaar losmaak nie. Calvyn skryf die volgende hieroor: Die geloof is die fondament waarop die hoop rus; die hoop voed en ondersteun die geloof..... Anders gestel: wanneer geloof en hoop twee karperde is wat saam moet trek, is volharding die resultaat. Geloof gee aan volharding sy spierkrag en hoop die motivering.

****